## 7 Weke met die Bybel- Week 1: Die Bybel as God se stem

Ek dink hierdie week aan die gedagte wat op verskillende maniere gelees kan word:

Opsie 1: God is nowhere.

Ek dink baie mense leef so. God is nie hier nie. God is nie daar nie. Daar is nie 'n God nie. So ek hoef maar net vir myself lief te wees en na myself te kyk. God is nowhere. Want as daar 'n God is, sal vrouens mos nie geslaan en verkrag word nie. God is nowhere want as hy liefde is, hoe kan die rykes net ryker word en die armes armer. God is nowhere, want hoe kan ek vir soveel jare bid vir uitkoms, maar steeds gebeur daar niks nie. Sekerlik is God afwesig, sekerlik bestaan God nie...

Maar ek kan dit net eenvoudig nie so lees en verstaan nie. Ek lees liewer dieselfde gedagte, met dieselfde woorde, maar wat ek lees is

Opsie 2: God is now here.

Ek kies om so te leef.. God is hier.. Hier by my.. God is al lank voor my geboorte alreeds daar. En as ek terugdink aan die pad wat hy geloop het, dan sien ek God ook daar. Daar is te veel plekke waar ek op die regte tyd was en mense wat ek op die regte tyd ontmoet het, vir alles om net Toevallig te gewees het. God is ook hier, al gaan dit soms moeilik. God is ook hier al verstaan ek ook nie al dag hoekom goed gebeur, of waarheen dinge op pad is nie. God is hier, want om in sy teenwoordigheid te leef, maar my lewe mooier en beter. Ek weet ek is geliefd en is vry, ek is deel van iets groter as net myself...

Ek glo daar is ook 'n derde opsie, maar ek moet my Engels verbuig sodat dit sin maak:

Opsie 3: God is, now hear...

Ek kies ook om so te leef. Dat God praat. Ons lees dit al vanaf die eerste vers in die Bybel. God praat met die mens. God praat deur sy skepping. God wat praat deur die fisiese. God praat deur die stilte. God praat, al is dit soms vir ons baie uitdagend om sy stem te hoor. Dit is wie God is, God is......

Ek dink dit is menslik om by al drie van die bogenoemde stil te staan, maar die vraag is net, aan watter van die bogenoemde spandeer ek die meeste tyd.

Hierdie maak vir verskeie van ons sin op unieke maniere, maar ek lees toe die verhaal van die sanger Jak de Priester wat dit vir my duidelik maak:

In 1999 bevind Jak de Priester homself soos vele ander Suid-Afrikaners in Londen. Hy is saam met vriende Engeland toe om daar te gaan skool hou. Sy vakke was Afrikaans en Duits en natuurlik nie so in aanvraag in Engeland nie. Jak het 150 Pond in sy sak gehad en dit is waarmee hy moes oorleef totdat hy 'n werk kry. Sy vriende het almal werk gekry, maar hy nie en sy paar ponde het al minder geword. Hy het by plekke gesing, maar is gereeld na 'n tyd deur die sekuriteit beamptes weggejaag. Hy het later begin pennies versamel wat hy op die grond sien lê het. Eendag is hy na 'n diens by die Afrikaanse gemeente in Londen. Daar het hy 'n Bybeltjie by die deur ontvang. Toe hy deur die Bybel blaai, lees hy die gedeelte waar Jesus sê - jy is baie meer werd as 'n mossie en God sorg vir die mossies, hoeveel te meer sal Hy nie vir jou sorg nie. Hy het tot God gebid en gevra vir werk.

Op Sondagaande wanneer sy ouers bel, dan vertel hy vir hulle hoe goed (wonderlik) dit daar in Londen gaan.

Maandag is sy vriende almal werk toe en hy is alleen by die huis. Hy sit maar in die stilte en maak vir hom 'n koppie koffie. Soos hy al die vorige dae gedoen het. Maar toe lui sy foon en iemand doen

navraag oor die onderwyser wat Duits kan aanbied. Hy kry 'n onderhoud en werk. Hy is oorstelp van vreugde.

Op pad terug vanaf die werksonderhoud (en op pad terug vanaf die oomblik wat hy gehoor het hy moet werk)

Op pad werk toe moet hy trein ry, maar die trein is vol en voor hy kan inklim vertrek die trein en hy moet 7 minute wag vir die volgende een. Die volgende trein kom en dit is ook vol en weer moet hy wag. Terwyl hy gefrustreerd wag, val sy oog op 'n pennie. Hy druk tussendeur klomp mense en hy tel dit op, maar dis nie 'n pennie nie, maar 'n Suid-Afrikaanse 1 sent met twee mossies op – en dit herinner hom toe aan die gedeelte wat hy gelees het. Jy is baie meer werd as 'n mossie. Hy het besef dis God wat vir hom sorg, al het hy die eerste trein verpas. Hy het vandag nog die muntstuk om hom te herinner aan God se beloftes in die Bybel.

God is now Here....

God het 'n stem...

Hy praat met my en jou elke dag... Met jou (wys na die mense) en met jou (wys na die mense) en met jou (Wys na die mense)

Ons lees vanoggend vanuit die boek Hebreërs:

Hoofstuk 1:

1. In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete,
2. maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.
3. Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.
4. Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam.

Hoofstuk 3:

7. Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: "Vandag, as julle sy stem hoor,
8. moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het.
9. Daar het hulle My op die proef gestel en uitgetart, hoewel hulle veertig jaar lank gesien het wat Ek vir hulle gedoen het.
10. Daarom het Ek 'n afkeer van hierdie geslag gekry en gesê: `Met hulle hart is hulle gedurig op 'n dwaalspoor, hulle wou my paaie nie leer ken nie.'
11. Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie." {Vgl. Ps. 95:7-95:11}
12. Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie.
13. Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.
14. Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het.
15. Daarom word daar gesê: "Vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het." {Vgl. Ps. 95:7-95:8}
16. Wie was dit dan wat gehoor het en tog in opstand gekom het? Was dit nie hulle almal wat onder leiding van Moses uit Egipte getrek het nie?
17. En van wie het God veertig jaar lank 'n afkeer gehad? Was dit nie van hulle wat gesondig het en wie se dooie liggame in die woestyn agtergebly het nie?

18. Oor wie anders as die wat ongehoorsaam was, het Hy 'n eed afgelê dat hulle nie in sy rus sou ingaan nie?
19. Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan nie.

In die huis waar ek grootgeword het, was die draadloos altyd aan. En altyd op RSG. As Tiener het ek dit nie altyd geniet nie. Veral nie as ek soms op 'n Saterdagoggend wil laat slaap en dan kliphard Brekfis met Derrick se VAT5 moet luister nie... Maar die draadloos/radio wat heeltyd aan was, was nie net altyd sleg nie, want daar was iets wat vir baie jare toe ek nog nie in die koshuis was nie, deel van my was.

Gewoonlik het die skool naby 14:00 uitgekom en dan sou ek so uur of 2 vir myself hê voor sport oefening. Ek sal dan my skoolklere vinnig uittrek en op my ouers se bed in die son gaan lê en ek sal lê en luister naL

Stralerjakkers op RSG. Stralerjakkers is 'n radio vervolgverhaal wat op RSG was en dit is deur Leon van Nierop geskryf. En dan vir 30 minute lê ek en luister en ek verloor myself in stories van Girlie, Rocco, Gert, Rieki. Alhoewel ek die karakters nooit voor my gesien het nie, het ek met die luister die karakters vir myself geskets. Eintlik was dit baie lekkerder as wat die Televisie vir my sou wys hierdie is hoe die karakters lyk.

Wanneer ons Desember op die lang pad ry, dan sal Radio 2000 gereeld aan wees met die Krieket. En dan sal ek ook in die beskrywing van Neil Manthorp, Natalie Germanos en Ed Rainsford myself inleef in die spel. Hulle skets vir my die prentjie…

En so lewe ons elkeen luisterend:

- Kyk video- Stetoscope

Brefkis met Derik, Stralerjakker, Krieket kommentaar klink anders. Daar is verskillende maniere van kommunikeer. Net soos wat 'n ouer nie dieselfde met elke kind kommunikeer nie. Ek het dit gister beleef hoe 'n ouers tydens 'n rugbywedstryd verskillend hul tweeling seuns aanmoedig. Met die een kind kan jy harder praat as die ander. Met die een kind het jy baie woorde nodig, terwyl die ander een op hul eie regkom. Met die een moet jy baie sag werk, en die ander een nie. So is die Bybel, 'n Biblioteek. 'n Biblioteek van 66 verskillende boeke van mense wat God se stem wil hoor. Die Bybel is die Biblioteek van mense wat God se stem wil hoor.

Ons lees dit vanaf Genesis 1. En God het gesê. Vir 7 dae lank lees ons hoe God sê en iets gebeur…

Een van die hoof lyne van die Bybel is eintlik God wat praat, en die mense wat kies of hul na sy stem wil luister of nie.

God praat met my op 'n unieke manier- op baie maniere en baie tye… want ek is 'n unieke mens. God die meester van multimedia.

Daarom het ons vanoggend uit Hebreërs gelees:

*1- In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete,*
*2- maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.*

V1-4 dien as geloofsblydenis vir dievolgende verse, of eintlik vir die hele boek wat volg. Die eerste 4 verse is 'n geskrewe meesterstuk en dit bevat allehande vergelykings, alleterasie, dit maak gebruik van klank asook die menslike sintuie.Dit sal byvoorbeeld 5 Griekse woorde wat met die letter P begin na mekaar noem. Die teks is geskryf, dit dui vir ons dat dit 'n preek was, maar die mense wat die

preek moes aanhoor was nie by die prediker nie, so dus het die prediker toe die preek neergeskryf. Die skrif was primêr om vir Joodse gelowiges te oortuig dat hulle in die nuwe verbond, die Chrsitus verbond kan leef, en nie meer hoef te leef in die ou tyd nie.

Die Hebreër-skrywer begin deur te sê dat daar ŉ kommunikasie-gaping was tussen ons en God.

V1 getuig alkaar van iets wonderlik. God praat met die mens. Dank die Vader God praat met ons. Reg deur die Ou testament, die skeppingsverhaal het God gepraat. God praat deur drome, visoene, engele, profete, wette ens ens. En dan v2, maar nou in die laaste dae, het hy met ons gepraat deur die seun. Die belofte dat God in die Nuwe Testament nog wel praat. Want jy sien die seun is Jesus Christus van Nasareth. En in die hele Ou testament lees ons stories, verhale, clues (wenke) oor die koms van hierdie man. Vir Miga het God die plek aangewys, vir Noag die deel van die land waarin die herder gebore sal word, vir Daniel die tyd van die geboorte, vir Maleagi die voorganger wat sal kom om die pad gelyk te maak. God bly nie stil nie.

In die verlede was daar tussengangers -profete-, maar nou praat God deur Jesus. God het Homself kom bekendstel aan die mense deur Jesus. God het in ŉ menslike liggaam kom tent opslaan tussen mense en direk met mense gepraat. Behalwe dat Jesus se lewe ons help, behalwe dat die Heilige Gees help ons om die stem van God te hoor, moet ons steeds oop wees en ons deel doen.

Daarmee saam nooi hoofstuk 3 ons ook uit om net nie op te hou nie.

Hebr 3:15- "Vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het."

Hou aan luister, en weer luister, en weer luister, en weer luister…. Ek dink altyd aan die woord ongehoorsaam. Die woord hoor is daarin. As jy reg hoor is jy gehoorsaam. Tog maak die skrywer hier dit ook vir ons duidelik dat daar wel van die begin af mense was wat nie vir God reg gehoor het nie.

Maar dan is daar ook die van ons, soos ek ook, wat dikwels moet bely, ek hoor nie God se stem nie. Ek hoor dit glad nie. Hy praat met almal. Daar is nie een wat hier sit met wie God nie praat nie. As ons God se stem wil hoor, moet ons die woord lees. So die onus le nie by die Here nie, dit le by ons. Dit is eenvoudiger as wat ons dink. Die Bybel is die woord, ons lewe is die antwoord.

Ons gaan nou oorgaan, na die sakrament van die nagmaal. Die teken wat vir baie mense al, oor baie jare gehelp het om God se stem in hul lewe te hoor. In Die Bybel, wanneer Jesus aan tafel met mense gesit het, het hul ook so sy stem gehoor.

- Gebruik van (nagmaal)- Tekens van genade en liefde

Gebed: Here U voel dikwels so vêr, aste ware nowhere, maar Here, dankie, dat ek vanoggend kon leer dat U stem in die Bybel so helder klink, dat ek net moet oop wees om te luister, dat ek net moet oop weer om te leer. Want ek kan U self hoor in 'n 1 sent muntstuk met 'n mossie op in Londen. Ek kan U hoor in die verhale vanuit die woord wat 1000de jare terug geskryf is. Ek kan U hoor in die brood wat U liggaam simboliseer, en die wyn wat vir ons die nuwe lewe simboliseer… Dankie dat u stem nooit stil of wegraak nie. Dankie dat U Gees in ons, ons help om elke dag meer en dieper na U te luister.